

Belastinggevolge van Ontrekking uit Tweepot-aftreestelsel

Tshwane, 23 Augustus 2024 - Persone wat voorgenome is om van die spaarpot van die tweepot-aftreestelsel vanaf 1 September 2024 te onttrek, moet vir belasting geregistreer wees. Diegene wat nie geregistreer is nie, moet registreer voor hulle by hulle toepaslike fonds aansoek doen. Indien 'n persoon nie vir belasting geregistreer is nie, sal die versoek om 'n belastingaanwysing, vanaf die fonds aan SARS, verwerp word.

Bydraes tot aftreefondse word nie belas nie. Dus sal belasting afgetrek word van enige bedrag wat onttrek word. Belasting sal bereken word teen die belastingkoers wat op die individu van toepassing is.

Belastingpligtiges moet ook verseker dat hulle geen uitstaande opgawes het nie en niks aan SARS verskuldig is nie. Skuld aan SARS sal van die onttrekkingsbedrag afgetrek word.

Belastingpligtiges is nie vereis om 'n SARS-tak te besoek nie, omdat meeste aansoeke op een van SARS se digitale of mobiele kanale beskikbaar is.

Pensioenfondsleder kan deur die eFiling-kanaal by www.sarsefiling.co.za of die SARS MobiApp vir belasting registreer. Hulle kan ook die SARS-aanlynnavraagstelsel (SOQA) op die SARS-webtuiste (www.sars.gov.za) gebruik om vir persoonlike inkomstebelasting te registreer. Indien hulle reeds geregistreer is, kan hulle die SOQS gebruik om hulle belastingverwysingsnommer na te gaan. 'n Aansoek vir 'n belastingaanwysing deur 'n fondsadministrateur, kan slegs gerig word wanneer 'n lid 'n finale besluit geneem het om 'n onttrekking te maak.

Nadat 'n geregistreerde belastingpligtige aansoek gedoen het, sal die pensioenfonds by SARS vir 'n belastingaanwysing aansoek doen. Die suksesvolle aanwysing gee instruksie aan die fonds hoeveel belasting om van 'n onttrekking af te trek. Indien 'n belastingpligtige ten volle nakomend is, sal dit tot 48 uur neem vir SARS om die belastingaanwysing aan die pensioenfonds uit te reik wat inligting oor die belastingaanspreeklikheid van die pensioenfondslid bevat (hoeveel belasting van die onttrekking moet afgetrek word).

Voor 'n finale bedrag aan die aansoeker uitbetaal word, sal die pensioenfonds instruksie ontvang om ook enige uitstaande skuld namens SARS af te trek voordat enige uitbetaling aan die lid betaal word. Indien 'n persoon 'n skuldreëling met SARS het, sal die onttrekking nie geaffekteer word nie. Indien skuld aan SARS verskuldig is, sal dit ingevolge sodanige reëling afgetrek word.

Die fondsadministrateurs word aangemoedig om 'n handelstoets met SARS uit te voer, sodat die proses egalig kan verloop wanneer dit in werking tree. Dié geleentheid is nog tot 30 Augustus 2024 beskikbaar.

'n Belastingberekenaar is op eFiling en die SARS-webtuiste (www.sars.gov.za) beskikbaar om pensioenfondsleder te help met 'n illustratiewe bedrag wat hulle moontlik as uitbetaling kan verwag. Alle toepaslike en akkurate inligting moet verskaf word om 'n duidelike skatting van die uitbetaling te kry.

Die belastinggevolge vir pensioenfondsslede wat onder die belastingdrumpel verdien en dan 'n onttrekking uit die spaarpot maak, sal eers tydens die jaarlikse belastingseisoen gefinaliseer word wanneer belasbare inkomste bepaal word, belas teen 18%.

'n Lid wat 'n tweepotonttrekking maak sal tipies in diens wees en dus indiens-inkomste verdien, wat bo of onder die belastingdrumpel mag wees afhangende van die uitslag van die onttrekking - die som sal tot die indiens-inkomste gevoeg word.

Die leidende beginsel op die betaalbare belastingbedrag is dat alle bedrae verdien of onttrek uit die fonds die uiteindelijke belastingkoers sal bepaal. Enige oor- of onderaftrekking van belasting op 'n tweepot-onttrekking, sal met aanslag tydens die jaarlikse belastingseisoen vereffen word, in guns van die belastingpligtige of SARS.

Indien 'n lid kies om nie van hulle spaarpot voor aftrede te onttrek nie, sal die oorblywende fondse as 'n enkelbedragvoordeel met aftrede belas word. Hierdie belastingkoerse is gewoonlik laer as die marginale belastingkoerse wat op onttrekkings voor aftrede van toepassing is.

Pensioenfondsslede word aangemoedig om nie SARS-takke te besoek nie. SARS het gebruikersvriendelike kanale in plek gestel om pensioenfondsslede te help, asook die volgende mobiele foonkanale:

- WhatsApp: stoor die SARS WhatsApp-nommer, 0800 11 7277, in jou kontaklys. Om jou navraag te begin, tik "Hi" of "Hello".
- SMS-nommer 47277 of USSD-kode *134*7277#

Vir persnavrae, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.